

HOOFSTUK III

VROEË SENSUUR DEUR KERK EN STAAT

I. Die Rooms-Katolieke kerk

Die kerklike sensuur van die geskrewe en later gedrukte woord is so oud soos die Christelike kerk self. Reeds in die Bybel word dit vermeld. Handelingen 19:19 lui: „En verskeie van dié wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftigduisend silwerstukke is.”

Hierdie daad van sensuur was prinsipiëel ideaal. Niemand het die boekverbranding gelas nie – dit was die vrug van die bekering op Paulus se prediking.⁽¹⁾ Afgedwonge sensuur was dit nie, maar hierdie Christelike daad is later deur die Kerk van Rome aangegryp as volledige regverdiging vir gedwonge boekverbranding en uiters sware strawwe.

Putnam se gevolgtrekking in hierdie verband is⁽²⁾: "The fact that St. Paul was willing to have his disciples, in their zeal for their new-born faith, make a voluntary sacrifice of writings believed to be incompatible with this faith cannot, of course, in itself constitute a sufficient warrant for the claim developed later by the Church of the right to destroy all literature that its rulers considered to be pernicious, or for the still larger claim of authority to inflict extreme penalties on those who produced, multiplied, or possessed the works thus condemned. An admonition to get rid of unchristian books is one thing, and the imposition of excommunication (or of an unconscious liability to excommunication) on the ground of reading erroneous doctrine, is another and a very different thing. But the whole theory of Church authority and of excommunication was, of course, a matter of slow development through the ages that followed the preaching of St. Paul."

Aangesien 'n omvattende studie van die kerklike tug, kerkleer en -sensuur buite die bestek van hierdie werk lê, is alleen die naspeuring van sensuurten-dense in die geskiedenis van die vroeë Christelike kerk nodig. Met opset word van tendense gepraat, aangesien sowat vyftien eeue sou verloop voordat 'n „vas-te beleid" in verband met sensuur geformuleer kon word. Putnam stel dit so⁽³⁾: "It was in fact not until the sixteenth century that there came into existence

(1) Hand. 19:16, 17.

(2) Putnam, G.H., The censorship of the Church of Rome, Band I, p. 19.

(3) Ibid, p. 19, 20.

anything that could be called a censorship policy or any attempt at a general censorship system; but from the earliest periods in the history of the Church there are instances of condemnation of individual writers, and of prohibitions, under severe penalties, of the manifolding or distribution of particular works."

Hierdie verbiedinge was merendeels die gevolg van die skerpe dogmatiese stryd⁽⁴⁾ waarin die vroeë Christelike kerk spoedig ná die apostoliese tydperk verval het. Aan hierdie losse sensuur het plaaslike biskoppe, konsilies en later die pous deel gehad. In sommige gevalle het dit ook die vorm van 'n keiserlike dekreet aangeneem, maar dan meesal op aandrang van een of ander konsilie.

Hierdie edikte en dekrete kon aanvanklik moeilik met welslae afgedwing word omdat geen masjinerie bestaan het om toesig oor die geheime doenigheid van skrywers en die hand-tot-hand-sirkulering van sodanige geskryfte te hou nie. Eers met die ontstaan van die drukpers in die 15e eeu, omstreeks 1440 in die Weste, het geheimhouding moeiliker en die afdwinging van sensuur makliker geword.

Henry C. Lea is van mening dat die vroegste egte "act of censorship is that contained in the Apostolic Constitutions which purport to have been written by St. Clement of Rome at the dictation of the apostles. These prefigure the Index (Librorum Prohibitorum) by forbidding the Christians to read any books of the Gentiles - the Scriptures should suffice for the believer."⁽⁵⁾

Die sensuurmag van die kerk het geleidelik gegroei. Omstreeks 150 n.C. het 'n sinode van die biskoppe van Klein-Asië vergader (òf te Efese òf te Smirna) en die Acta Pauli verbied, 'n historiese verhaal wat in die tweede eeu ter verheerliking van die apostel Paulus geskryf is. Hierdie werk is verbied op grond daarvan dat dit nie 'n outentieke verhaal van die werke van Paulus was nie. Hierdie optrede van die biskoppe van Klein-Asië "appears to be the first recorded instance of ecclesiastical censorship of a work classed as heretical or at least as not authentic."⁽⁶⁾

Die jaar 325 is van groot betekenis in die geskiedenis van die kerklike sensuur. Nie alleen verbied die konsilie van Nicaea die Thalia van Arius nie, maar keiser Konstantyn gelas die vernietiging van die werke van Porphiri en Arius. Hierdie, waarskynlik eerste, geleentheid waarby die gesag van die staat die kerk in die toepassing van sensuur onderskraag het, het gekom presies

(4) Ibid, p. 20; Hierdie toestand het baie lank voortgeduur, selfs tot na die ontdekking van die drukkuns, vergelyk ook Baschwitz p. 35.

(5) Const. Apost. Lib. 1. C.V. 111. Vergelyk ook Hayes & Baldwin, p. 65.

(6) Shahan, T.J., Catholic University Bulletin, Jan. 1905.

twaalf jaar nadat Konstantyn sy Edik van Milaan uitgereik het ingevolge waarvan die Christelike godsdiens op gelyke voet met ander godsdienste gestel is, maar nog voordat Konstantyn self Christen geword het. (7)

Hierna is sensuurmaatreëls van die Rooms-Katolieke Kerk telkens deur die keiserlike gesag afgedwing. In 398 gelas Arcadius die vernietiging van die boeke van die Eunomiane en in 399 volg hy hierdie lasgewing op met die opdrag dat alle boeke oor die toorkuns vernietig moet word, elke keer in opvolging van 'n Rooms-Katolieke konsilie.

Die ingryping van die keiser was betekenisvol want keiserlike dekrete het almal voorsiening gemaak vir die toepassing van die doodstraf vir geval van nie-nakoming. In die 250 jaar wat sedert die eerste sinode van Klein-Asië verloop het, het die kerklike sensuur dus ontwikkel van godsdienstige vermaninge en lasgewinge tot die proklamering van die doodstraf weens ketterse afwykinge deur die keiser, handelende onder die invloed van die kerk.

Putnam vat hierdie ontwikkelingsgang soos volg saam: "It appears from these and similar examples that, according to the practice of the two centuries after Constantine, the responsibility for the condemnation of heretical writings was assumed by the councils, while the work of prohibiting the books, of destroying the copies, and of punishing those who retained copies was carried out under the authority of the emperor." (8)

Die geleidelike aftakeling van die keiserlike gesag in die vyfde eeu - die dinastie van Theodosius het in 455 tot sy einde gekom - het daartoe gelei dat die staatsmag geleidelik in die hande van die kerkhoof, die pous, oorgestaan het. In 451 was dit reeds pous Leo die Grote, wat Attila oorreed het om Rome nie aan te val nie. (9) Justinianus (527-565) het die keiserlike mag wel tydelik herstel, maar ná sy dood was Italië teen 572 grootliks in die hande van die Germaanse invallers, en het die keiserryk nie in sy ou glorie herleef nie. (10) In die toestand van swakke sentrale bestuur wat op die Germaanse verowering gevolg het, het die Rooms-Katolieke Kerk stelselmatig aan krag gewen, ook in die Oos-Romeinse Ryk, waar die konsilie van Konstantinopel in 681 'n dekreet uitgevaardig het waarin sekere ketterse werke veroordeel is en waarin beveel word dat alle afskrifte verbrand word. Dit is die eerste geval in die geskiedenis van kerklike sensuur waar 'n konsilie, in plaas daarvan dat

(7) Hayes & Baldwin, History of Europe, p. 56.

(8) Putnam, p. 62.

(9) Hayes & Baldwin, p. 84.

(10) Ibid, p. 90.

die praktiese uitvoering van sy besluite na die sekulêre owerheid verwys is, self die vernietiging van die afgekeurde boeke gelas het. (11)

In 768 vra Ambrosius Autpert, 'n Benediktynse monnik, vir die eerste keer die toestemming van pous Stefanus III vir die skryf van 'n verhandeling. In sy aansoek verklaar Autpert dat hy die eerste skrywer is „wat vir sy woord die goedkeuring van die Hoof van die Kerk gevra het" en sê hy dat hy „gretig is om sy geskifte in ooreenstemming met die leer van die vaders van die Kerk te hou." (12)

Hiermee was die fondament gelê vir die uiteindelijke samestelling van die Index Librorum Prohibitorum, "the catalogue of books which ecclesiastical authority forbids Roman Catholics to read and have in their possession." (13) Die naam Index geld egter nie slegs die katalogus wat voortdurend deur die Rooms-Katolieke Kerk bygewerk en aangevul is nie, maar "the rules for the proscription of pernicious literature, and for the examination and censorship of books before publication. The Index is a product of positive ecclesiastical law; it is based on the assumption that bad books are dangerous, and concerns society as such; the moral law forbidding the reading of pernicious books is motivated by the real danger lurking in them and affects the individual directly." (14)

Al was die fondament nou gelê, die sensuurgebou van die Kerk sou maar baie stadig verrys. Solank boeke heimelik met die hand geskryf, vermenigvuldig en versprei is, het dit moeilik gebly om sensuur doeltreffend toe te pas. Dit was trouens die Universiteit ^{van} Keulen wat kort voor die einde van die vyftiende eeu 'n maatregel ^{geneem} ~~neergeleë~~ het wat uiteindelik ^{tot} in die Imprimatur (vooruit sensuur van boeke) ontwikkel het. "It earned for the University the congratulations of Sixtus IV and Innocent VIII (14 Nov. 1487). By the constitution 'Inter multiplices' (1 Junie 1501) Alexander VI extended this practice; he forbade the printers of the Diocese of Cologne, Mainz, Trêves and Magdeburg, on pain of excommunication and fine, to print any book whatever without the permission of the bishop; as for books already in print, the bishops were required to demand printers' catalogues, and make them hand over the pernicious works to be consigned to the fire. These prescriptions became common law at the Lateran Council" (Leo X, Constitution Inter Multiplices, 4 Mei 1515.) (15)

(11) Putnam, p. 63.

(12) Ibid.

(13) Encyclopedia of Religion and Ethics, Band VII, p. 207 e.v.

(14) Ibid.

(15) Ibid.

Die ^{seding}verbood van boeke by name het in 1520 begin, en wel ingevolge Leo X se bul Exurge Domine, waarin al die werke van Martin Luther veroordeel word.⁽¹⁶⁾

In die jaar 1524 Clementius VII „inserted excommunication latae sententiae in the bull Coenae as the penalty for reading books in support of heresy; this has remained unchanged to the present day.“⁽¹⁷⁾

Die Inkwisisie: Die probleme wat met die toepassing van sensuur ondervind is, het aanleiding gegee tot die geleidelike invoering van 'n dwangstelsel wat metertyd as die Inkwisisie bekend geword het.⁽¹⁸⁾ In die Encyclopedia of Religion and Ethics word die Inkwisisie beskryf as 'n metode om kettters uit te ruik, "instituted by the Church with a view of bringing them to repentance, or punishing them in proportion to their offence."⁽¹⁹⁾

Inkwisiteurs het in die twaalfde en dertiende eeu bedrywig begin raak. Hul stryd was aanvanklik veral gerig teen die Kathare, 'n fanatieke anti-kerklike sekte wat onder meer die doop, nagmaal, kruis en beelde verwerp het, en in die tyd veral in Bulgarye bedrywig was, en die Waldense.⁽²⁰⁾

Sedert die twaalfde eeu was die onderdrukking van kettery trouens „the greatest business of Church and state. The distress caused, particularly in the north of Italy and the south of France, by the Cathari, or Manichaeans (aanhangers van 'n gnostiese wêreldreligie wat in die derde eeu deur Manes in Babilonië gestig is en 'n duisend jaar voortbestaan het)⁽²¹⁾ whose doctrine wrought destruction to society as well as to faith, appalled the leaders of Christianity. On several occasions and in various places people and rulers sought justice in a summary conviction and execution.....the culprits were either outlawed or put to death.“⁽²²⁾

Hoewel die Rooms-Katolieke Kerk aanvanklik as kerk nie baie geesdriftig oor uiterste strafmaatreëls was nie, pous Alexander ten tye van die konsilie van 1179 "invited sovereigns to employ force of arms to protect the Christian people from the violence of the Cathari, Brabancons etc., giving princes the right to imprison offenders and confiscate their property. The pope even offer-

(16) Ibid.

(17) Ibid.

(18) Ibid, p. 330.

(19) Ibid.

(20) Ibid.

(21) Colliers Encyclopedia, Band 15, p. 336.

(22) Encyclopedia of Religion and Ethics, Band VII, p. 331.

ed indulgences to those who should accomplish this work of piety."⁽²³⁾

In 1184 verskerp pous Lucius III in samewerking met Frederik Barbarossa hierdie strafmaatreëls deur die edik van Verona. In hierdie edik word bepaal dat ketters ná ekskommunikasie deur die kerk vir straf aan die sekulêre owerheid oorhandig moet word. Hoewel die doodstraf nog nie ingevolge hierdie edik toegepas kon word nie, het die voorgeskrewe strafmaatreëls die volgende ingesluit: verbanning, konfiskering van eiendom, slooping van huise, infama en verlies van burgerregte.⁽²⁴⁾

Die doodstraf weens kettery sou egter nie lank uitbly nie. In die konstitusie wat in 1224 vir Lombardye goedgekeur is, word die doodstraf vir Manicheïste voorgeskryf - in die praktyk is die vonnis op die brandstapel voltrek.⁽²⁵⁾ Guala, Dominikaanse biskop van Brescia, het so 'n doodvonnis in elk geval in 1230 beveel.⁽²⁶⁾ Guala se standpunt is deur pous Gregorius IX onderskryf, wat dikwels met Guala in aanraking was. In die volgende jaar is 'n aantal Patarins in Rome in hegtenis geneem. "Those who resisted conversion, were condemned to be burned alive."⁽²⁷⁾

Die pad was hiermee oop vir die aanstelling van volwaardige inkwisieters deur die Kerk. Alexander III benoem in 1178 die eerste pouslike gesante met volmag om kettery te onderdruk en in 1198 verleen Innocentius III absolute mag aan Cisteriaanse monnikke.⁽²⁸⁾ Robert de Bougre, 'n bekeerde Kathaar, word kort daarna as eerste inkwisieter-generaal vir die koninkryk Frankryk aangewys, en wel by wyse van pouslike bul. Die Inkwisisie brei daarna snel uit: tussen 1224-41 na Italië, in 1232 na Spanje, in 1233 na Vlaandere en Nederland.⁽²⁹⁾

Die Spaanse Inkwisisie, wat sekulêr deur Ferdinand en Isabella ingestel is, volg in 1478 en was nie alleen teen Christelike ketters gerig nie, maar ook teen Jode, More en More wat ná die verdrywing van die Moorse invallers uit die Iberiese Skiereiland in Spanje agtergebly het.⁽³⁰⁾

Hierdie baie saaklike bespreking van die Inkwisisie kan afgesluit word met

(23) Ibid.

(24) Ibid.

(25) Ibid.

(26) Ibid.

(27) Ibid.

(28) Ibid.

(29) Ibid.

(30) Ibid, p. 330, 331.

(interessantsheidshalwe) n kort aanhaling oor die werkmethode van die inkwisi-
teur. In die Encyclopedia of Religion and Ethics word n opdrag van pous Gre-
gorius IX aan Conrad van Marburg afgedruk. Dit lui (in die Engelse vertaling):
„When you arrive in a town, convoke the prelates, clergy, and people, and de-
liver a solemn address; then, with the help of some discreet persons make a
very diligent search for heretics and suspects (who will have been denounced
to you). Those who, after examination, are considered guilty or suspected of
heresy, must promise absolute obedience to the orders of the Church; other-
wise you will have to proceed against them in accordance with the statutes
recently promulgated by us.”⁽³¹⁾

In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat die dood n
„ketter” nie van vervolging gered het nie. Meermale is die beendere van n ge-
stuwene plegtig opgegrawe en na n „verhoor” ewe plegtig op n brandstapel
verbrand.⁽³²⁾

Verydeling van sensuur: Maar in weerwil van die gestrengheid waarmee sensuur
afgedwing is - of miskien juis daarom - is dit op vele maniere ontduik. In
hierdie verband skryf Putnam: „Outside the lands of the Inquisition the Church
had no other means of hindering the reading of heretical books than to declare
the same to be deadly sin and to threaten the delinquents with such penalties
as excommunication. The records of applications for dispensation represent, as
Reusch points out, evidence that scholarly Catholics made frequent opportunity
for infringing the censorship prohibitions. It would in fact be difficult to
specify any territory in which the Index regulations were accepted cheerfully
and thoroughly. It is certain that even in the most faithful of the Catholic
communities, bitter complaints arose from time to time on the part of scholars
in regard to the destruction of valuable literature and the resulting interfer-
ence with scholarly work. There were also complaints of a different kind. Those
who were interested in preserving the true faith from being undermined by here-
tical doctrine came to the realisation of the fact that heretical books were
through the operations of the Index brought to the attention of many who other-
wise would never have known of their existence.”⁽³³⁾

Putnam lewer meer getuienis in hierdie verband. Hy haal o.m. die brief aan
wat Gabriel Putherbeus in 1549 aan Theotimus geskryf het waarin hy gekla het
dat die boeke wat deur die geestelikes van Parys verbied is, gelees word deur
mense wat nooit van die bestaan van daardie boeke sou gehoor het nie anders as

(31) Ibid.

(32) Ibid.

(33) Putnam, Band II, p. 475.

deur die sensuurlyste.⁽³⁴⁾

Gratianus Verus het geskryf dat die Index van Paulus IV „had a most pernicious influence in making known to Catholic readers a long list of Protestant writings. Protestant scholars utilised the catalogues in the Index very largely as recommendations of books that were deserving of consideration.”⁽³⁵⁾

Denkende Katolieke, sê Putnam, was heeltemal bereid om te erken dat, as teenhanger vir die belangrikheid van beskerming van die getroue gelowiges, ~~van~~ ^{teen} die invloed van ketterse leerstellinge, die publikasie van die Index-lyste ernstige nadele meebring het.⁽³⁶⁾

Die verdere geskiedenis van hierdie liggaamlike en geestelike martelinstrument is in hierdie studie nie ter sake nie. Dit het baie jare gelede reeds prakties in onbruik verval, maar is amptelik eers in Maart 1966 opgehef.⁽³⁷⁾

II. Protestantse Perssensuur

Na die Protestantse Hervorming neem die gereformeerde kerke „dit instituut (sensuur) dus van de Roomse kerken over, maar pasten het nu in haar voordeel toe.”⁽³⁸⁾ Reeds by die eerste sinode van die Nederlandse Gereformeerdes te Emden in 1571 is besluit dat die vryheid van die drukpers aan bande gelê behoort te word.⁽³⁹⁾ Die besluit het gelui dat „niemand mocht een boek over de 'Religie' schrijven of laten drukken, zonder dat het door de classis of door een der gereformeerde professoren goedgekeurd was (art. 51). De synode van Dordrecht, 1578, nam deze bepaling over (art. 55); evenzo dié van Middelburg, 1581. Maar de synode van 's Gravenhage, 1586, bracht een wijziging aan. De synode van Emden had geheel in het algemeen bepaald: „Niemand”, nl. geen enkel burger, 't zij hij lid der kerk is of niet, zal een kettters boek schrijven of drukken. Zij hoopte, dat bij de doorwerking der reformatie de overheid de kerken zou helpen, en de bepaling algemeen geldigheid zou krijgen. Maar dat kwam anders uit, de politieken oordeelden later, dat de kerken alleen over de binnen, en niet over de buiten zijn hadden te zeggen en haar bepaling moesten inperken. Dit geschiedde dan ook op de synode te 's Gravenhage, 1586. Zij toch bepaalde: „Niemand van de Gereformeerde religie zal, 'enz., zodat zij nu alleen op de

(34) Ibid.

(35) Ibid.

(36) Ibid.

(37) The Star, 10/2/66. Gereformeerde Weekblad, 6 Mei 1966.

(38) Jansen, Dr. Joh., Korte verklaring van De Kerkorde, p. 241.

(39) Ibid.

leden der kerk betrekking had."(40)

Die sinode van Dordrecht, 1618-1619, het daarop art. 55 van die oorspronklike Kerkorde soos volg geformuleer: „Niemandt van de Ghereformeerde Religie sal hem onderstaen eenich boeck ofte geschrift van hem, ofte van eenen anderen gemaect ofte overgheset, handelende van de Religie, te laten drucken ofte andersins uyt te gheven, dan t'selfde voor henen doorsien ende goet gekent zijnde Dienaren des Woordts zijns Classis, ofte particulieren Synodi ofte Professoren der theologie van dese Provincien, doch met voorweten zijnes Classis."(41)

Die sinode het hom ook in die belang van boeksensuur op die State-generaal beroep. Die beroep het gelui: „Dat oock benefens de goede ordonnantien ende Placcaten van uwe Hooch Mog^{en} tegen het drucken ende vercopen van allerleye Schriften naerder ordre moghe worden gestelt, so op de *V i s i t a t i e* v a n d e n B o e c k e n, die gedrukt sullen worden, als op het stuck vande *D r u c k e r i e* selve, om des te beter te weeren het uytgeven van alle schadeluycke ende impertenente boecken, met de welcke dese Landen nu etlycke jaren herwaerts, tot groote schade ende onruste van de kercke, vervult zijn."(42)

Van die voorgestelde vry skerpe boeksensuur (perssensuur) wat deur die Sinode voorgestel is, het weinig tereg gekom. Die State-generaal was blykbaar bedug op 'n alte skerpe sensuur deur die kerk, 'n te grote inkorting van die vryheid, en het daarom reeds op 22 Desember 1618 met 'n eie verordening „tot wegneming van de abusen der Druckerijen" vorendag gekom.(43) *vor die dag*

Maklik het die Sinode die stryd nie gewonne gegee nie. „Zij verlangde bepaald, dat er vaste *v i s i t a t e u r s* zouden worden aangesteld, of gelijk de Drentsche afgevaardigden het uitdrukken: 'Dat dar enige gestelt, ende van de E.M. Heren Staten gegaisiert werden, die de Boken visiteerden, de druck sollen gegee worden."(44)

Die houding van die State-generaal het nogtans verhoed dat 'n soort Protestantse Index tot stand gekom het. Die Nederlandse Geref. Kerk het hom mettertyd daarby berus en die oorspronklike art. 55 van die Kerkorde met 'n nuwe vervang. „Zij oordeelde dat de kerken zoveel mogelijk de invloed van verkeerde

(40) Ibid, p. 241, 242.

(41) Biesterveld, P., Kerkelyk Handboekje, p. 241.

(42) Kuyper, H.H., De Post Acta, p. 266.

(43) Jansen, J., Korte Verklaring van de Kerkorde, p. 241.

(44) Achief voor Kerkel. Gesch., VI, p. 184, aangehaal deur Kuyper in De Post Acta, p. 280.

boeken moest tegengaan, echter niet door een of ander wettelijk verbod of door een dwingende bepaling, maar op geestelike en zedelike wyse, door lering, wederlegging, waarschuwing en vermaning, zowel by de dienste des Woords als bij Christelike onderwysing en bij het huisbezoek."⁽⁴⁵⁾

In Suid-Afrika was daar van kerklike kant nooit n sterk en algemene aandrang op boek- en perssensuur, afgedwing deur die owerheid, ter beveiliging van die kerk en sy leer nie. Art. 55 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk, soos deur die Sinode van 1964 hersien, gee n goeie algemene vertolking van die gangbare Christelike mening in Suid-Afrika oor hierdie aangeleentheid. Dit lui: „Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weerwend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die uitoefening van hul onderskeie ampte, by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aan.”⁽⁴⁶⁾

Die sensuur wat die Rooms-Katolieke Kerk toegepas het, het duidelik n dubbele doel gedien: In die eerste plaas moes dit die kerk teen dwaalleer en sedebederf beskerm, maar in die tweede plaas het dit ook om die beskerming van staatsbelange gegaan. Die Kerk het naamlik in baie opsigte self staatsfunksies uitgeoefen, maar deur die jare heen ook hulp van keisers en ander heersers ontvang by die beskerming van kerklike belange. Aan die ander kant het die Kerk hulp by wyse van pouslike bulle en ander sensuurmaatreëls aan bevriende staatshoofde verleen. Die sensuurtendens in die Rooms-Katolieke Kerk is dus duidelik: eeue lank het die Kerk skerp teen afwykende meninge met betrekking tot sowel die religie as die staat, sy belange en sy veiligheid opgetree.

Die kerke wat ná die Hervorming tot stand gekom het, het nooit oor die mag en gesag beskik om sensuur behalwe kerklike sensuur en leertug toe te pas nie. Geen nie-Katolieke kerk het naamlik ooit staatsfunksies geprobeer uitoefen nie.

III. Perssensuur in Brittanje

n Omvattende studie van alle maatreëls wat deur die lande van Wes-Europa getref is om die drukpers - en later die koerant - in die kinderdae van hierdie bedryf te beheer, val buite die bestek van hierdie werk. Ten einde n historiese geheelbeeld te verkry, is dit egter nodig dat vroeë tendense saaklik geskets word. In hierdie verband sal in hoofsaak op ontwikkelinge in Brit-

(45) Jansen, J., Korte Verklaring van de Kerkorde, p. 241.

(46) Kerkorde van die Geref. Kerk in S.A., 1965, p. 26.

tanje en Nederland gelet word, en wel omdat die Suid-Afrikaanse pers veral aan die hand van die Engelse en Nederlandse voorbeeld tot stand gekom en ontwikkel het.

Staatsensuur van die drukpers het eerste in Brittanje op die voorgrond getree, en wel vyftig jaar nadat William Caxton sy klein persie "at the sign of the Red Pale"⁽⁴⁷⁾ opgerig het. Caxton het aanvanklik 'n ruime mate van vryheid geniet, maar onder Hendrik VIII het sake verander. Hierdie maghonger koning het in 1529 met staatsensuur van die pers begin deur die uitreiking van 'n lys van verbode boeke, 'n maatreël gemik teen die opkomende Protestantisme.⁽⁴⁸⁾ Die volgende stap het spoedig gevolg. Op Kersdag 1534 het Hendrik by proklamasie bepaal dat drukkers in die vervolg koninklike toestemming moet verkry voordat hulle 'n drukkerij begin, die begin van die lisensiestelsel. In dieselfde proklamasie is ter beskerming van plaaslike drukkers beveel dat die invoer van buitelandse boeke verbied word en dat pryse van boeke redelik moet wees.⁽⁴⁹⁾ In hierdie tydperk het die Geheime Raad stelselmatig meer mag begin verwerf en teen 1540 het die Geheime Raad mense in hegtenis laat neem omdat hulle straatballades oor politieke aangeleenthede gedruk het.⁽⁵⁰⁾

Drasties soos hierdie maatreëls was, het daar nogtans drukwerk sonder toestemming verskyn, in die besonder sekere "broadsheets" met nuus oor een of ander gebeurtenis.⁽⁵¹⁾ Dit het regstreeks aanleiding gegee tot die inlywing van die drukkers by die Stationers Company, 'n organisasie wat sedert 1357 as hof- en teksskrywers bestaan het.⁽⁵²⁾ Die mening het gegeld dat dit makliker sou wees om rebelse drukkers vas te trek indien almal tot 'n deur die staat beheerde monopolie behoort. Koningin Elizabeth het hierdie maatreëls verder met haar "Injunctions" in 1576 verskerp, waarna ondersoekers wekeliks besoek aan drukkerij gebring het om alle drukwerk te inspekteer.⁽⁵³⁾ In 1586 het die Star Chamber die edik van die Geheime Raad van 1566 in verband met beheer oor drukkerij verskerp en 'n sensuurpatroon vasgelê wat byna 'n eeu lank toegepas is.⁽⁵⁴⁾

Hierdie sensuur is om die beurt op sowel Katolieke as Protestante toege-

(47) Emery, E. - The Press and America, p. 9.

(48) Ibid.

(49) Ibid.

(50) Ibid, p. 10.

(51) Ibid.

(52) Ibid.

(53) Ibid, p. 11.

(54) Ibid.

pas en het in die algemeen daartoe bygedra dat vrye meningsuiting by wyse van geskrif ontmoedig is.⁽⁵⁵⁾

Die sewentiende eeuse Engeland was aan 'n reeks ernstige spanninge onderworpe. Saam met die godsdienstwiste tussen Katolieke, Puriteine en Nonkonformiste het die stryd tussen kroon en parlement begin en het die egte gedrukte koerant sy verskyning op 23 Mei 1622 in Engeland gemaak, en wel onder die titel *Weekely Nevves from Italy, Germanie, Hungaria, Bohemia, the Palatinate, France and the Low Countries. Translated from the Low Dutch Copie.* ⁽⁵⁶⁾

Die *Weekely Nevves* is egter vooraf gegaan deur 'n aantal sporadies verskynende sogenaamde *Corantos*⁽⁵⁷⁾, sowat 25 in getal, met nuus oor die Dertigjarige Oorlog. In sommige van hierdie *Corantos* is kritiek gelug omdat Jakobus I gehuiwer het om sy Protestantse skoonseun, Frederik van Boheme, in dié se stryd teen die Hapsburgs te help. In Desember 1620 en weer in Julie 1621 het Jakobus in proklamasies gewaarsku teen "the great liberty of discourse concerning matters of state."⁽⁵⁸⁾ Hierdie proklamasies is opgevolg deur 'n algehele verbod op *Corantos*, wat blykbaar nie deur alle drukkers gehoorsaam is nie, as gevolg waarvan ene Thomas Archer in die tronk gestop is.⁽⁵⁹⁾ Ná sy ontslag uit die tronk het Archer en Nicholas Bourne toestemming gevra om weer met die uitgee van *Corantos* te begin, 'n versoek wat in September 1621 toegestaan is.⁽⁶⁰⁾ Dit was hierdie vennootskap wat Engeland se eerste koerant die lig laat sien het, maar in 1632 is hulle opnuut die swye opgelê en kon hulle hul koerantwerk eers weer in 1638 ná die betaling van aansienlike heffings hervat.⁽⁶¹⁾

Die dekade wat in 1640 begin het, was vir die Engelse pers van groot betekenis. In 1640 het die Lang Parlement baie van die beperkinge op die pers opgehef, wat byna dadelik tot die verskyning van 'n reeks sogenaamde "diurnals" gelei het.⁽⁶²⁾ In 1644 volg John Milton se beroemde *Areopagitica*, 'n pleidooi om spraak- en persvryheid wat hy in die parlement gelewer het nadat hy by die Stationers Company in die gedrang gekom het oor 'n aantal gelisensieerde en on-

(55) Ibid.

(56) Van der Meulen, R., *De Courant*, p. 174.

(57) Shaaber, M.A., *Some Forerunners of the Newspaper in England, 1476-1622*, p. 314 e.v.

(58) Emery, E., *The Press and America*, p. 13.

(59) Ibid.

(60) Ibid.

(61) Ibid - sien ook Baschwitz, p. 48, en Siebert, p. 156.

(62) Ibid, p. 14.

gelisensieerde pamflette wat hy oor egskeiding uitgegee het.⁽⁶³⁾ Milton se welsprekende betoog, "the most perfect expression of the idea of a free press," het nogtans nie belet dat hy in 1651 self 'n betrekking as lisenseur en sensor aanvaar het nie.⁽⁶⁴⁾ Geesgenote van Milton in hierdie tyd was o.m. William Walwyn, wat persvryheid bepleit het ná 'n studie van godsdienstige verdraagsaamheid; Henry Robinson, wat ekonomiese argumente teen die onderdrukking van die pers aangevoer het, Richard Overton, voorstander van separatisme met betrekking tot godsdiens en die demokrasie, en John Lilburne, voorstander van die volk se reg tot bespreking.⁽⁶⁵⁾

Die omverwerping van Karel I se absolutistiese bewind het die Britse pers op die duur egter nie bevry nie. Oliver Cromwell het ná sy bewindoorname net drie koerante gedoog, Mercurius Politicus, wat deur Milton gesensor is, Perfect Diurnall, wat 'n tyd lank ook deur Milton beheer is, en Publick Intelligencer.⁽⁶⁶⁾ Die herstel van Karel II in 1660 het eweneens geen verligting vir die Britse pers gebring nie. Die monopoliestelsel is onder leiding van Henry Muddiman en Roger L'Estrange herstel en 'n tydperk van groot onbestendigheid het ingetree wat deur Van der Meulen⁽⁶⁷⁾ soos volg beskryf is: „In het geheel kwamen tusschen 1661 en 1688 meer dan 70 couranten uit, waarvan eenige intusschen reeds na weinige nummers wederom ophielden te verskijnen." Die enigste koerant van betekenis wat in hierdie tyd verskyn het, was die Oxford Gazette (ná 24 uitgawes bekend as die London Gazette), gestig deur Muddiman. Hierdie koerant het tot die twinstige eeu voortbestaan.⁽⁶⁸⁾

Die Seëlwet: Die oplaaiende spanning tussen Jakobus II en die parlement in die laaste kwart van die 17e eeu het tot 'n verligting van die perssensuur gelei. Die verslapping van die koninklike greep op die pers het soos volg verloop:⁽⁶⁹⁾ In 1679 laat die parlement die lisensiewet van 1662 verval. Hoewel dit daarna ~~weer~~ by geleentheid heringestel is, het hierdie wet finaal in 1694 verval, waarna in die tydperk van Willem van Oranje en sy vrou, Maria, nie weer persbeperkende maatreëls ingevoer is nie. Eers in 1712 is die seëlwet vir

(63) Ibid.

(64) Ibid.

(65) Ibid, p. 15.

(66) Ibid.

(67) Van der Meulen, De Courant, p. 176.

(68) Emery, E., The Press and America, p. 16.

(69) Ibid.

die eerste keer ingevoer. In die parlement was die tweepartystelsel teen hierdie tyd reeds goed ingegrawe en lang debatte is gevoer oor die onbillikheid van die lisensiestelsel, die neiging by sommige oortreders om hulle aan omkoperij skuldig te maak en die ondoelmatigheid van sensuur.⁽⁷⁰⁾ Tussen 1694 en 1712 was die enigste beperkinge op die persvryheid egter die wette op hoogverraad, „seditious libel” en regulasies ingevolge waarvan verslae oor die verrigtinge van die parlement verbied is.⁽⁷¹⁾ Die eintlike saak waarom dit gegaan het, naamlik die reg van die pers om vry te publiseer, is egter nooit aangeroer nie. Die historikus Macaulay het dit soos volg saamgevat: „On the great question of principle, on the question whether the liberty of unlicensed printing be, on the whole, a blessing or a curse to society, not a word is said.”⁽⁷²⁾

Die agtiende eeu was vir die Britse perswese belangrik, veral vanweë sekerre klemverskuiwinge. Die eerste groot persgebeurtenis van hierdie eeu was die stigting van die Daily Courant deur Elizabeth Mallet, ná ’n paar dae oorgeneem deur Samuel Buckley.⁽⁷³⁾ Hierdie eerste Engelse dagblad het van die ander Britse koerante van hierdie tyd in één belangrike opsig verskil: dit het nuus eerder as mening aangebied en die uitgewer het uit sy pad gegaan om die bronne van sy nuus te vermeld, sodat die lesers in staat was om oor die geloofwaardigheid van sy berigte te oordeel. Buckley het sy nuus op een kant van die enkele vel gepubliseer en op die keersy advertensies, wat vir sy nuusdiens gehelp betaal het.⁽⁷⁴⁾ Hierdie belowende persontwikkeling is egter tien jaar later deur die invoer van die seëlwet (deur ’n Tory-bewind) gestrem,⁽⁷⁵⁾ want ruim 140 jaar sou verloop voordat die seëlwet, wat die koerant vanweë sy hoë prys buite die bereik van die arm, selfs gemiddelde man geplaas het, uiteindelik in 1855 afgeskaf is.⁽⁷⁶⁾

’n Tweede belangrike verskynsel van die agtiende eeu was die verskyning van die beroemde Britse essay-joernaliste: Defoe, Swift, Addison, Steele, Fielding en Samuel Johnson. Die betekenis van hierdie manne lê daarin dat, terwyl hulle anders as Buckley min om die nuusfunksie van die koerant gegee het,

(70) Ibid, p. 17.

(71) Ibid, p. 16.

(72) Macaulay, T.B., History of England, Band III, p. 328.

(73) Emery, p. 21.

(74) Ibid.

(75) Baschwitz, K., De Krant door alle Tyden, p. 103.

(76) Van der Meulen, De Courant, p. 186.

hulle in Brittanje veel daartoe bygedra het om die tradisie van vrye menings-
uiting vas te lê, want in ~~die~~ eerste instansie was hulle kommentators. (77)

Parlement teen Pers: Die derde belangrike ontwikkeling van die 18e eeu was dat
die stryd voortaan sou woed tussen pers en parlement, en nie meer tussen pers
en vors nie.

Aan die begin van die 18e eeu was parlementêre berigging in Brittanje
nog steeds verbode. Nie dat parlementêre berigte as gevolg van hierdie verbod
nie verskyn het nie. „De leiders der beide partijen gaven zelf berichten aan
hun kranten door. Redevoeringen, welker publicatie men wenschte, verschenen in
druk. Maar de leidende politici beslisten zelf, wat zij in het belang van hun
partij gepubliceerd wil^{den} hebben. De onafhankelijke krantenuitgevers daarentegen
wilden hun lezers een beeld geven van den geheelen gang van zaken in het par=
lement.....De afgevaardigden hadden geenzins ongelijk met de meening, dat on=
afhankelijke verslaggevers van parlementaire vergaderingen een invloedrijke
factor in het politieke leven zouden worden. Daarom gingen zoowel de Whigs
als de Tories voort, met bedreigingen en gevangenisstraffen de verslagen van
onafhankelijke bladen over de zittingen van het parlement te onderdrukken en
de opkomst van dezen nieuwen politieken machtsfactor te verhinderen.” (78)

Eén uitweg van die koerantskrywers was om parlementêre berigte uit Lilli=
put te plaas (soos in Gentleman's Magazine), later deur dié blad gevolg met
die gebruik om die sprekers ~~deur~~ ^{met} hul voorletters aan te dui. (79)

Die parlement het vervolgens in 1762 in die twintigjarige stryd teen John
Wilkes, self lid van die parlement, verval. Die vraag in hierdie stryd was
„op welke wijze men een lid van het Lagerhuis, die tegelijkertijd journalist
was, kon verhinderen, een eigenmachtige behandeling der parlementaire aange=
legenheden voor de groote massa te brengen.” (80) Met Steele, ook ’n parlaments=
lid, het die parlement in 1714 gou raad gewet - hy is uit die Laerhuis ge=
sit, maar Wilkes was van ander stoffasie.

’n Volledige relaas oor die stryd van en teen Wilkes is onnodig, maar en=
kele opmerkinge is tog wenslik. In sy North Briton het hy kwaai aanvalle^{ge deur} op
die regerende party, die koninklike hofhouding en selfs ^{of} die koning-moeder, ~~en~~
~~deur~~ wat ’n verhouding met ’n lid van die kabinet aan die gang sou gehad het.
Wilkes is op grond van die 45e uitgawe van sy blad in hegtenis geneem en in

(77) Baschwitz, p. 101.

(78) Ibid, p. 110 e.v.

(79) Ibid, p. 110.

(80) Ibid, p. 111.

weerwil van die privilegie wat sy lidmaatskap van die Laerhuis hom verleen het, met toestemming agteraf weens „seditious libel” aangekla. Die vonnis⁽⁸¹⁾ was dat die betrokke uitgawe in die openbaar verbrand moes word. „Maar deze executie ging niet door. Een volksmenigte maakte zich van den tot den brandstapel veroordeelden bundel kranten meester en droeg den North Briton onder gejuich door de straten.” Wilkes, wat na Frankryk gevlug het, het sy setel in die Laerhuis verloor, maar in 1768 was hy in Londen (en die Laerhuis) terug. Sy verkiesing is egter ongeldig verklaar en hy self is tronk toe gestuur. Uit die tronk het Wilkes „gedurende zijn gevangenschap geheime documenten, die voor de regeering buitengewoon onaangenaam waren,” gepubliseer.⁽⁸²⁾

Hierbo is aangestip dat Wilkes reeds in 1762 vanweë sy stryd teen die onderdrukking van persvryheid n held onder die burgery was. Hierdie verset het veral in Londen algaande opgelaai. In 1771⁽⁸³⁾ is n „gearresteerd journalist door den Londensche Alderman, voor wien hy moest verskynen, vrijgelaten. En een ander werd door de tusschenkomst van den Lord Mayor van Londen bevrijd, omdat bij zijn arrestatie de wettelijke voorschriften niet in acht waren genomen. De juridische grondslag van de door het parlement ingestelde vervolgingen begon te wankelen, de kranten vonden steun bij de gewone rechtbanken, ook wanneer zij critiek uitoefenden op de regeering van de ministers van George III. De Alderman, van wien hier boven sprake was, die dadelijk was opgekomen voor de krantenschryver, dien men voor hem had gebracht, was niemand anders dan Wilkes, die intusschen tot dit stedelijke ambt was gekozen. Tenslotte koos de Londensche City hem zelfs tot Lord Mayor. In 1782 wist hij eindelijk te bereiken, dat het Lagerhuis de tegen zijn lidmaatschap genomen besluiten herriep. De lastige journalist was weer afgevaardigde in het Lagerhuis.”

Briewe van Junius: In dieselfde tyd, maar op hoër vlak as wat die onstuimige Wilkes beweeg het, het oor n tydperk van vier jaar die bekende 40 briewe van Junius verskyn, min of meer in die trant van die moderne hoofartikel.⁽⁸⁴⁾ Junius (waarskynlik Philip Francis, klerk in die ministerie van oorlog) het die regering, selfs die koning, George III, misstande en intriges gekritiseer, maar nooit is n poging aangewend om hom in sy persoonlike hoedanigheid tot swye te bring nie. Hoe belangrik hierdie voorval was, blyk uit die volgende opsomming van Baschwitz:⁽⁸⁵⁾ „Als politieke hoofdartikelen zijn de Junius-brieven

(81) Ibid.

(82) Ibid.

(83) Ibid, p. 112.

(84) Ibid, p. 113.

(85) Ibid, p. 114.

een meesterwerk. Met deze trad de pers voor de eerste maal niet slechts op als werktuig van door anderen gevoerde politiek, maar als een voor zichzelf verantwoordelijke en invloedrijke factor in het politieke gebeuren. En voor het eerst werd zij toen door de andere machten in den staat erkend als een geestelijke macht met het recht op een eigen oordeel. Van den tijd der Junius-brieven dateert in Engeland de persvrijheid in den waren zin des woords."

Dit wil nogtans voorkom of Baschwitz die pers se oorwinning in hierdie stryd in te optimistiese lig sien. Siebert⁽⁸⁶⁾ se weergawe van die Junius-voorval⁽⁸⁷⁾ kan soos volg opgesom word⁽⁸⁸⁾: Die betrokke aanval op die koning het op 19 Desember 1769 in Henry Woodfall se Public Advertiser en daarna tot 1 Januarie 1770 in nog verskeie ander Londense koerante verskyn. Dit is waar dat geen stappe gedoen is om teen die skrywer self (die geheimsinnige Junius) op te tree nie, maar op 23 Januarie 1770 is vyf drukkers, onder wie Woodfall, en 'n boekhandelaar van „seditious libel" aangekla.

John Almon, die boekhandelaar, is eerste skuldig bevind,⁽⁸⁹⁾ en wel deur 'n jurie te Westminster, d.w.s. buite Londen.⁽⁹⁰⁾ „If a mere seller of libels could be convicted, it would tend to frighten all booksellers as well as publishers," is Siebert se kommentaar op die verhoor van 'n man wie se werknemer in sy afwesigheid een enkele eksemplaar van die gewraakte koerant verkoop het en wat die oorblywende gedeelte voor die voet by sy terugkeer teruggestuur het.⁽⁹¹⁾ Almon is skuldig bevind, met tien mark beboet en moes £800 sekerheid vir 'n tydperk van twee jaar verskaf.

In Junie en Julie 1770 is die sake teen die vyf drukkers een na die ander aan die gang gesit, maar in nie een geval kon die aanklaers 'n skuldigbevinding verkry nie. Trouens⁽⁹²⁾ „the public uproar which accompanied the Junius prosecutions convinced both the government attorneys and the justices of the difficulty, if not impossibility of obtaining convictions for seditious libel in the present state of public opinion.....Tactically the battle was won by the London newspapers and their supporters since juries refused to convict; theoretically the law remained as Lord Mansfield and the government

(86) Siebert, F.S., Freedom of the Press in England, 1476-1776.

(87) Sien ook: The letters of Junius, edited by C.W. Everett (Londen, 1927).

(88) Siebert, F.S., Freedom of the Press in England, 1476-1776, p. 385 e.v.

(89) 20 State Trials, p. 803.

(90) Siebert, p. 386.

(91) Ibid, p. 386, 387.

(92) Ibid, p. 389.

prosecutors contended."⁽⁹³⁾

„Seditious Libel“: Die laaste fases van die openlike stryd om die persvryheid tussen die Britse parlement en die Britse koerante kan nie behoorlik verstaan word sonder 'n ontleding van wat die Britse houe onder die term „seditious libel“ verstaan het nie, want ná die afskaffing van die Star Chamber deur die Lang Parlement is die reëls wat in hierdie hof toegepas is, net so deur die gewone houe oorgeneem en is letterlik honderde mense daarna in die gewone houe van „seditious libel“ aangekla.⁽⁹⁴⁾ „No government after 1660 was so stable that it could disregard the attacks which were being constantly made upon it and with the expiry of the Regulation of Printing Act seditious libel was for a time almost the only remedy against factious attacks upon the government. In these circumstances it is not surprising to find the common-law courts giving the widest meaning to the term ‚seditious‘ as applied to written and printed matter. In fact, during the entire period any reflection on the government in written or printed form was a seditious libel.“⁽⁹⁵⁾

Hierdie opvatting van die houe is in 1704 deur hoofregter Holt in die saak Rex vs. Tutchin⁽⁹⁶⁾ vasgelê. Hy het in sy uitspraak gesê „.....This is a very strange doctrine to say that it is not a libel reflecting on the government, endeavouring to possess the people that the government is maladministered by corrupt persons.....To say that corrupt officers are appointed to administer affairs is certainly a reflection on the government. If people should not be called to account for possessing the people with an ill opinion of the government, no government can subsist. For it is very necessary for all governments that the people should have a good opinion of it. And nothing can be worse for any government than to endeavour to procure animosities as to the management of it; this has always been looked upon as a crime, and no government can be safe without it.”

En per slot van rekening was dit hierdie juridiese begrip wat ná die sake spruitende uit die Junius-briewe voortgedra is.

Parlementêre Geheimhouding: Die parlementêre teenslae in die Wilkes- en Junius-sake het egter geen einde gemaak aan die privilegie van geheimhouding waarop die parlement aanspraak het nie. In hierdie verband skryf Siebert:⁽⁹⁷⁾ „The

(93) Ibid, p. 388 tot 392.

(94) Siebert, p. 270.

(95) Ibid, p. 271.

(96) State Trials, p. 1095.

(97) Siebert, p. 361, 362.

joint victory of the newspaper publishers and the London magistrates (in die Junius-saak) was far from complete. The sanctity of the privileges of the House of Commons was preserved, but the House was never again to act in the same arbitrary way to defeat the right of the people to know what was taking place in the highest legislative body of the land. Not that this right was either openly or by indirection recognized. The Commons in 1771 yielded only because it felt it was more important to maintain its hereditary rights in theory than to put them to test by force against a popularly supported and unified group of newspaper publishers. Secrecy of debate was still enjoined; the power to enforce such secrecy still existed but ceased to be exercised. For many years to come offences by newspapers were cited before the House but from now on the charge was not for reporting speeches but for misrepresenting them or for libelous attacks on the reputations of individual members. William (Memory) Woodfall, editor of the Morning Chronicle, became famous for his remarkable ability to reproduce the speeches delivered in the House from memory.. . . . Both Houses of Parliament retained an ancient and effective weapon against the newspaper reporters. The journalists could be cleared from either House as 'strangers' on the motion of a member. . . . In 1775 most of the famous debates on the relations with the American colonies were closed to reporters under the Standing Orders."

Die Britse parlement (en ook dié van die Republiek van Suid-Afrika) behou tot vandag die reg tot geheime vergadering en die ou verbod op verslae oor die toesprake wat in die Britse Laer- en Hoërhuis gelewer word, is nooit uitdruklik herroep nie. Die ontwikkeling tot vrye verslaggewing oor die verrigtinge binne die parlement kon egter nie gestuit word nie, in die besonder nie ná afloop van die Franse Revolusie en die Napoleontiese oorloë nie, want tydens die Amerikaanse onafhanklikheidsoorlog en die oorlog teen Napoleon „is teen opposisioneele kranten en journalisten in Engeland nog zeer dikwijls, en vaak ook zeer hard, op grond van de Libel Act opgetreden. William Pitt trad met ijzeren gestrengheid op tegen alle groepsvormingen in Engeland, waarin het gevaar van besmetting door de ideeën van de radicale Jacobijnen in het revolutionaire Frankryk tot uiting kwam. Het kabinet, dat den oorlog voerde, had ook te worstelen met de zich langzamerhand zeer sterk uitende oorlogsmoeheid van de handeldrijvende burgerij.”⁽⁹⁸⁾

Gaandeweg het groter verdraagsaamheid teenoor verslaggewers egter ingetree.

(98) Baschwitz, p. 117.

Die eerste stap was die toelating van verslaggewers tot die agterste bank van die besoekersgalery in 1803, die tweede die inrigting van die persgalery in 1831 en die derde „the judicial recognition of the immunity of the newspaper publishers from libel appearing in the account of proceedings,”⁽⁹⁹⁾ n beginsel wat ook na Suid-Afrika oorgedra is - parlementêre beriggewing is naamlik ook hier geprivilegeerde beriggewing.

Baschwitz som die uiteindelijke deurbraak van persvryheid in Brittanje soos volg op:⁽¹⁰⁰⁾ „In dezen tijd kwam de strijd over die behandeling van de pers in een nieuwe phase. De beiden partijen in het Lagerhuis waren het niet meer eens in hun gemeenschappelijk wantrouwen tegen de krantenschrijvers. Sedert de aanneming van de Libel Act (1791) waren het n.l. in den regel de Tories, die voor een strenge behandeling opkwamen, terwijl de Whigs plachten op te treden als de beschermers van de vrije meeningsuiting in de pers.

„Pas tijdens den oorlog tegen Frankrijk ontwikkelde zich het krantenwezen in Engeland tot een wereldpers, in de plaats van het onder de heerschersvuist van Napoleon verpletterde krantenwezen in Nederland. Ondanks alle belemmeringen, gelegen in de vergaande toepassing van de straffen wegens beleediging en in den zwaren druk van de zegelbelasting, was men in Engeland tot toestaden gekomen, die in de hand werkten, dat de politieke invloed der krant in binnen- en buitenland zeer versterkt werd. En al spoedig zag men in Engeland in, dat men in de vrije pers beschikte over een geestelijk machtsinstrument, waar tegenover Napoleon zich met zijn pers terecht de mindere gevoelde.”

Ekonomiese Sensuur: Maar „seditious libel” en parlementêre geheimhouding was maar twee van vier pilare waarop die Britse sensuurstelsel gerus het. Die ander twee was die seëlbelasting⁽¹⁰¹⁾ wat vir die eerste keer in 1712 ingestel en daarna anderhalf eeu in een of ander vorm voortgesit is, en regstreekse subsidiering - dit het in 1665 met die Oxford (later London) Gazette begin.

Die seëlwet was openlik nie slegs bedoel om inkomste vir die staat te verkry nie. Met die instelling daarvan is dit openhartig uitgevaardig as n maatreël „to control licentious, schismatical, and scandalous” publikasies.⁽¹⁰²⁾ Die ekonomiese uitwerking van die wet op die koerante was egter onmiddellik. „A sizable number of newspapers were immediately killed by the Act. Approximately the same number were able to survive the first year of taxation

(99) Siebert, p.363.

(100) Baschwitz, p. 117, 118.

(101) Siebert, p. 337.

(102) Ibid, p. 309.

as were killed by the Act. Within a year the publishers devised methods of avoiding the tax, and the government found it impossible to enforce collections."⁽¹⁰³⁾ Ten einde ontduiking te voorkom, is die wet herhaaldelik gewysig, o.m. in 1724, 1743, 1757, 1773, 1776 en 1789, en telkens het 'n aantal koerante in die slag gebly. ⁽¹⁰⁴⁾

Die voorregte van die koerante wat die reg verkry het om te verklaar „Published by Authority" was tweeledig. Hulle is deur ministers van buitelandse sowel as binnelandse nuus voorsien en om daardie rede was hul nuusdienste dié van hul mededingers ver voor.⁽¹⁰⁵⁾ Die London Gazette was op die kruin van sy gewildheid (ook by die owerheid) in staat om met 'n oplaag van 8500 te spog, wat vir 'n dagblad in daardie tyd iets buitengewoons was. Nadat die blad by lord Marlborough in onguns verval het, het sy sirkulasie teen 1710 op slegs 2000 te staan gekom.⁽¹⁰⁶⁾

Whig- en Tory-regeerders het dwarsdeur die agtiende eeu voortgegaan met die benoeming, afdanking, bevoorregting of afkoping van een of ander redakteur.⁽¹⁰⁷⁾ „The long administration of Robert Walpole witnessed the peak in secret subsidization of newspapers. The chief minister saw little political value in financial assistance to the chief literary figures of his age and concentrated his support on publishers of daily and weekly organs as part of his broad plan for political control. A few publishers were heavily subsidized, a number received occasional assistance, and the opposition was either bought off or persecuted in the courts."

Die omvang wat hierdie subsidies, af- en omkoopgelde in die loop van jare aangeneem het, is nie presies vas te stel nie. Uit die verslag van 'n Britse Geheime Komitee (1742),⁽¹⁰⁸⁾ die sogenaamde Louthier Account Books, en tesourie-state⁽¹⁰⁹⁾ is ewenwel vasgestel dat Walpole oor 'n tydperk van tien jaar tussen £5000 en £10,000 só bestee het.⁽¹¹⁰⁾ Uit die Louthier-rekenboeke blyk dat tussen 18 April 1730 en 18 Februarie 1740 altesaam £12,510 aan William Arnall betaal is, £2,086 aan Samuel Buckley, £19,981 aan John Walthoe en £6,013 aan

(103) Ibid, p. 312.

(104) Ibid, p. 319-321.

(105) Ibid, p. 324.

(106) Ibid, p. 325.

(107) Ibid, p. 340.

(108) Ibid, p. 342.

(109) Ibid.

(110) Ibid, p. 343.

William Wilkins. (111)

IV. Perssensuur in Nederland

Sensuur van die drukpers in Nederland het histories berus op 'n „generaal edict“ van Karel V, uitgereik op 8 Mei 1521, ⁽¹¹²⁾ gevolg deur 'n reeks plak= kate van die Landvors, een waarvan, in 1525, sensuur op die pers ingestel het. In sy doktrale proefskrif het Diemer 'n diepgaande studie van hierdie hele plakkategeskiëdenis gemaak en tot die gevolgtrekking geraak dat dit „te veel plaats zou vragen, alle plakaten te vermelden.“ ⁽¹¹³⁾ Die volgende aanhaling ⁽¹¹⁴⁾ gee egter 'n goeie beeld van die sensuurtendense in die Nederland van die sewen= tiende eeu, d.w.s. die geldende maatreëls teen ongeveer die ontstaan van die koerant: „Reeds constateerden wij, dat meermale sprake is van preventieve censuur. De plakaten, waarin geschriften werden verboden, kan men onderschei= den in die, welke in algemeene termen waren gehouden, en die, welke boeken trof= fen, die met name waren genoemd. Ook waren er plakaten, die zich eerst richten tot verderfelijke publicaties in het algemeen en zich in het slot toespitsten op bepaalde gevallen. De eerste groep vermelden verschillende verboden, waar= van gezegd wordt, dat ze zijn uitgevaardigd, daar de vorige geen effect sor= teerden. Sommige dienen zelfs uitsluitend om op uitvoering van een bepaald plakkaat aan te dringen. Zoo luidt een resolutie van de Staten van Holland van 4 September 1659, dat tevens een inzicht geeft in de delegatie van macht, wel= ke bij de toepassing te aanschouwen werd gegeven: ' Op 't gemoveerde van eenige Leden, is, na voorgaende deliberatie, goetgevonden ende verstaen, dat den Prae= sident ende Raden van den Hoven, midtsgaders de magistraten van de respective Steden binne Hollandt ende West-Vrieslandt by serieuze Missive sullen werden versocht ende gelast, yder in den haren behoorlijcke ordre te stellen tegen het maecken, drucken, ende divulgeeren van fameuze libellen, mitsgaders tegens het drucken en verkoopen van Propositionen, Brieven, Resolutien, Rapporten, of andere Acten van Staet, met last en bevel aen alle officieren, omme teghen de Autheurs, Druckers ende Verkoopers van de voorschreve fameuze Libellen ofte Acten van Staet strictelijck ende praeciselijck sonder eenige conniventie te procederen en doen procederen volgens ende in conformité van den Placate den vierden January 1651.....”

En voorts: ⁽¹¹⁵⁾ „Deze plakaten gingen tegen oproerige geschriften, tegen

(111) Siebert.

(112) Diemer, E., Vrijheid van Drukpers, p. 38.

(113) Ibid, 44.

(114) Ibid.

(115) Ibid, p. 45-49.

aanranding van de 'Souverainiteyt van den Lande', tegen beleedigingen van 'gekroonde Hoofden, ofte ander uytheemsche Potentaten', tegen lastergeschriften, tegen geschriften, die bedoelden de Christelijke religie te bespotten, enz. Van een nog algemeener regel was geen sprake."

Sensuur ter beskerming van die Christelike Kerk was in die agtiende eeu nog steeds aan die orde, maar 'n volledige bespreking hiervan val buite die terrein van hierdie werk. Preventiewe sensuur met die oog op politieke aangeleenthede was trouens ook nie by die bewindhebbers baie gewild nie. Reeds vroeg is besluit, ⁽¹¹⁶⁾ en wel op 14 September 1654, dat nie toegegee kan word aan die kerklike aandrang by die State-generaal dat // „politique Visitatores Librorum” ingestel word nie omdat „de practycque van dien binnen deeze Landen van zeer dangereuse gevolgen zoude weezen."

Belangrik was egter die besluit dat drukkers 'n eed moes aflê waarin hulle onderneem het om die lasgewinge van die plakkaat na te volg. Hierdie eed moes op gesette tye herhaal word. In die plakkaat van die State-generaal van 4 Mei 1624 is o.m. bepaal ⁽¹¹⁷⁾ dat „geïncrimineerd lectuur moest aan den Officier van Justitie worden ter hand gesteld. Voldeed men hieraan niet, dan werd de bezitter voor den auteur gehouden en dienovereenkomstig gestraft. Op 9 Maart 1669 bedreigt een plakkaat van de Staten-generaal den drukker met verbod van uitoefening van het ambt en verbeurdverklaring der persen."

Die strawwe ⁽¹¹⁸⁾ wat in die plakkaat voorgeskryf is, was in die algemeen streng, maar nie uiters swaar nie. Op 27 Augustus 1608 het die State-generaal besluit dat die druk en koop van 'n afgekeurde boek met 100 gulde gestraf moet word, terwyl die verkopers gegêsel sou word. In 'n „Renovatie-plakkaat" van 1684 word „ten minsten" met openbare géseling gedreig.

In die Nederlandse persgeskiedenis was daar in weerwil van die bestaan van al die plakkaat niks wat met die uitbundige stryd in Engeland vergelyk kan word nie. Diemer se slotsom, ⁽¹¹⁹⁾ nl. „we meenen dat die kwetsie zoo kan worden opgelost, dat over het algemeen een vrij ruime mate van vrijheid bestond, zelfs zeer ruim, als men haar vergelykt met die in andere landen, en dat de omvang der verdraagzaamheid intusschen aan enkele wijzigingen onderhevig was," skyn volkome geregverdig te wees. Oor die groot aantal plakkaat wat voorkom, oor=

(116) Diemer, E., Vrijheid van Drukkers, p. 49.

(117) Ibid.

(118) Ibid, p. 50.

(119) Ibid, p. 55.

deel Diemer ⁽¹²⁰⁾ „dat ze, òf niet werden toegepast, òf geen resultaat hadden.”

In hierdie verband haal Diemer o.m. 'n brief van Reinier Vryaarts op 15 Augustus 1782 aan. ⁽¹²¹⁾ „Wy hebben, zoo als gy 't uit mynen laasten gezien hebt, geen gebrek aan wetten, die het beteugelen van de losbandigheid der drukpersse, en inzonderheid die der Courantieren op 't oog hebben....niet tegenstaande dit alles, zeg ik, heeft men byna twee eeuwen lang ondervonden, dat men die halsstarrige ongebondenheid niet heeft konnen bedwingen, en dat de wetten buiten kracht of werking zyn gebleeven.”

In die tyd van die Verligting wat die Franse Revolusie vooraf gegaan het, het ook groot perswoelinge in Nederland plaasgevind. Die verspreiding van die nuwe vryheidsgedagtes in Nederland het ook verset teen die bestaan van die groot aantal plakkaate ter reëling van die drukpers ontlok. In hierdie verband haal Diemer R.J. Schimmelpennick aan, wat in die Nasionale Vergadering verklaar het: ⁽¹²²⁾ „Daarenboven vermeen ik, dat het zoude kunnen aangemerkt worden als een entrave op de vryheid der Drukpersse, welke ik voor mij van gevoelen ben, dat in alle opzichten heilig moet zyn, en door niets in haaren loop gestremd worden; de Vryheid, geloove ik, dat zich zoo verre moet uitstrekken, dat zelfs, zoo nog heden iets tegens de Regeringswijze in het licht verscheen, men dit in zynen loop niet zoude stuiten.”

In 1782 bepleit 'n anonieme skrywer ⁽¹²³⁾ „geheel onbepaalde vryheid der drukpers.” Geen boek ter wêreld, verklaar hy, moet onderdruk word nie, maar elke burger moet „een actie hebben tegen den schryver van een stuk, waarin hy personeel geïnjureerd wordt.....”

Kortom: daar is stewige grond vir die stelling van dr. A. Kuyper ⁽¹²⁴⁾ dat „practisch het eerst in het Calvinistich Nederland de vrije uiting der gedachte door het gesproken en gedrukte woord haar triomf behaalde; dat wie elders bemoeilijkt werd, op Calvinistich bodem het eerst de vryheid der gedachte en de vryheid van drukpers kon genieten.”

Die betreklike vryheid van die moederland het egter, soos later aangetoon sal word, nie altyd tot die Nederlandse kolonies, waaronder die Kaap, deurge-sypel nie.

(120) Diemer, E., Vryheid van Drukpers.

(121) Ibid, p. 56.

(122) Ibid, p. 61.

(123) Ibid.

(124) Kuyper, A., Het Calvinisme, p. 100.

V. Perssensuur in Frankryk

Van 'n openlike stryd om persvryheid was daar in Frankryk van die stigting van die eerste Franse koerant, ⁽¹²⁵⁾ die Gazette de France, in 1631 tot die uitbreek van die Franse Revolusie geen sprake nie. In die land van die Lodewyks het die absolutisme ongeskonde voortbestaan. Stigter van die Gazette was Theophraste Renaudot, wat spesiaal vir hierdie taak deur kardinaal De Richelieu uitgesoek en na Parys gebring is.

Reaudot was Hugenoot, arts, mensevriend, stigter van die eerste leningsbank om mense uit die kloue van woekeraars te hou, en stigter van die eerste advertensieburo. ⁽¹²⁶⁾ In weerwil van sy Protestantse geloofsoortuiging het Richelieu Renaudot se koerant soveel moontlik bevorder en self heelwat bydraes vir die blad geskryf. „Koning Lodewijk XIII werkte in eigen persoon oorlogsberichten voor dit blad uit. Vele daarvan zijn door minister Richelieu nog eens omgewerk en wel in dien zin, dat daarbij de verdiensten van den koning en zijn minister werden vermeldt op een wijze, die een grooter propagandistich effect waarborgde.” ⁽¹²⁷⁾ Onder Lodewyk XIV is die blad verder uitgebou, maar die stigter is na 'n lang reeks geskille en hofsake in 1653 as arm man dood. ⁽¹²⁸⁾

Ruim 150 jaar lank het die Gazette de France die monopolie as enigste politieke blad in Frankryk behou. „Zij fungeerde als staatscourant en wel gedurende den langsten tijd van haar bestaan, op grond van een vrij los verband met de regeering; maar daartusschen ook eenige tientallen jaren als volkomen officieel blad.” ⁽¹²⁹⁾ Maar op die duur kon die amptelike blad nie in die nuusbehoefte van die Franse publiek voorsien nie. Daar was twee uitweë: in die eerste plaas is op groot skaal koerante, meesal van Belgiese en Nederlandse oorsprong, die land ingesmokkel, ⁽¹³⁰⁾ terwyl die gebruik herleef het om klein en meesal giftige kritiek- en spotskriffies met die hand te vermenigvuldig ⁽¹³¹⁾ en heimelik te versprei, die sogenaamde Bulletiniste à la Main of Nouvelliste à la Main.

(125) Baschwitz, p. 50.

(126) Ibid.

(127) Ibid, p. 51.

(128) Ibid.

(129) Stem ooreen met die Britse koerante onder Cromwell en die London Gazette nà die Restourasie.

(130) Baschwitz, p. 51.

(131) Ibid, p. 52.

T

Die omvang van hierdie gebruik moes aansienlik gewees het. Baschwitz som die toestand soos volg op: ⁽¹³²⁾ „De Nouvelles à la Main groeiden onder het 'Ancien Regime' uit tot een geheim krantenwezen.....Zij waren dan ook bijzonder scherp en persoonlijk. Maar er stak geenszins alleen spotlust en leedvermaak achter al deze, dagelijks terugkeerende, aanvallen. Dikwijls was het de verborgen strijd om de macht tusschen intrigeerende hofklieken, soms ook een heimelijke verdachtmaking of suggestie van een buitenlandsch diplomaat, die in zulke direct overal verspreide gazettes tot uitdrukking kwam. Want met de geheimhouding van de z.g. geheime kranten is het steeds merkwaardig gesteld geweest. Haar doel is n.l. niet om geheim te blijven, doch om aan zoveel mogelijk lezers bekend te worden, en daarbij slechts de persoon van den schrijver en die der verspreiders in het beschuttende duister van geheimhouding te laten!”

Hoe gering Frankryk se bydrae tot die gedagte van persvryheid was, blyk daaruit dat selfs die Franse Revolusie en Napoleon se „bevryding” van Europa geen blywende uitwerking gehad het nie.

Persvryheid, skryf Baschwitz, is twee jaar na die begin van die Revolusie „met groote plechtigheid ingevoerd.” ⁽¹³³⁾ Reeds twee jaar later, in 1793, hield zij op te bestaan. Zeventig journalisten en medewerkers werden als vijanden van de revolusie terechgesteld, en wel skrywers uit alle kampen... ..Het Directoire liet daarna nog 60 andere uitgevers en medewerkers aan kranten opsluiten en 45 verbannen.”

Vir sover dit persvryheid in die „bevryde” Europa geld, kan volstaan word met ⁽¹³⁴⁾ „overall, waar de legers der Fransche revolusie op hun krijs-tochten kwamen, werden toen - ondanks alle proclamaties voor de persvryheid - de hun vijandig gezinde kranten onderdrukt en werden Fransch-gezinde bladen gesteund of ook wel opgericht.”

Die grondgedagte van Napoleon se perspolitiek het radikaal ^{muskel} van die van sy voorgangers, ~~verskil~~ wat slegs daarop bedag was om die pers onder toesig te hou „opdat dit haar niet tot last zou worden.” ⁽¹³⁵⁾ Dit skyn of Napoleon in hierdie verband n les van Walpole geleer het, maar dit slegs meer konsekwent deur-gevoer het. Volgens Baschwitz wou „Napoleon daarentegen de pers in zyn macht hebben, wagens haar daadwerkelyke medewerking.....Onvermoedbaar, luid en in koor moest zij voor Napoleons ideeën propaganda maken, resultaten van zyn re-

(132) Baschwitz.

(133) Ibid, p. 74.

(134) Ibid, p. 75.

(135) Ibid.

geersijsteem verheerlijken, zijn roem verkondigen en zijn vijanden angst aanjagen.....Alle afwijkingen, die twijfel konden wekken en de critiek aanmoedigen, waren verboden." Toe Napoleon keiser geword het, was in Parys gevolglik slegs vier koerante oor. (136)

Napoleon se geslaagde optrede teen die Europese pers het een belangrike gevolg gehad: dit het die Engelstalige pers, in Brittanje en die Verenigde State, 'n kostelike voorsprong besorg. „Uit den tijd van de Napoleontische persdictatuur, die een einde maakke aan de 150-jarige periode van een wereldpers, die hoofdzakelijk vanuit de Nederlanden werden verspreid en grootendeels in het Fransch was geschreven, was thans de Engelsche pers als zoodanig te voorschijn gekomen," (137) en wel omdat Napoleon die Engelse pers nooit by wyse van besetting kon bykom nie.

VI. Die Pers en Internasionale Verhoudinge

Die rol wat die pers algaande as internasionale kritikus sou speel, het al vroeg aan die lig gekom. Selfs voor die verskyning van die gedrukte koerant het die pous al by wyse van pouslike bul teen koerantskrywers opgetree: (138) tussen 1569 en 1572 nie minder nie as drie keer. „De veroordelingen, die plaats hadden, waren vaak het gevolg van klachten van buitenlandsche souvereinen en betroffen niet alleen de satirici, maar ook de schrijvers van geschreven kranten." (139)

Die inhoud van die koerante van die sewentiende en vroeë agtiende eeu het baie duidelik die invloed van die sensuurmaatreëls van die onderskeie regerings getoon. „Behalve officieele mededeelingen mochten de bladen geen binnenslandsch nuws brengen. Zij bevatten dus vrijwel uitsluitend berichten uit het buitenland. De regeering stelde er prys op, een overzicht te hebben van alles, wat in die wereld geschiedde. Het was haar wensch, dat men in eigen land en stad over zulk een bron van inlichtingen kon beschikken; zij begroette het ook met instemming, dat deze bladen afzet vonden in het buitenland en daar de openbare meening beïnvloedden." (140)

Die opdragte aan die eerste „Stadscourantier" van Amsterdam in die jaar 1693 is in hierdie verband heel interessant. (141) Vir hierdie man, 'n advokaat,

(136) Ibid, p. 72.

(137) Ibid, p. 88.

(138) Stolp, Annie, De eerste Couranten in Holland, p. 2.

(139) Ibid.

(140) Baschwitz, p. 63.

(141) Ibid, p. 58.

is deur die burgemeesters n „instructie" opgestel, wat o.m. die volgende bevat het: ⁽¹⁴²⁾ „Hij mag geen berichten brengen, die den vijand van nut kunnen zijn; geen vertrekdatum vermelden van schepen, waarop de vijanden jacht zouden kunnen maken. Verboden is iedere spottende uiting tegen den paus en de katholieke geestelijkheid. Hij mag niets afdrukken, dat gekroonde hoofden aanstoot geeft. Smaadschriften van welken aard ook moeten achterwege blijven. Ook ten nadeele van bondgenooten mag hij niets zeggen. En dan mag hij niets publiceren, wat weliswaar in het binnenland bekend is, doch waarvan de publicatie in het buitenland nu juist niet bepaald gewenscht kan worden geacht."

Maar die Gazettes de Holland, wat met die oog op uitvoer na Frankryk geskryf is, „beschouwde...de critiek als hun voornaamste taak. Ook zij mochten zich alleen met buitenlandsche aangelegenheden bezighouden. Ook in Holland ging de vrijheid niet zoo ver, dat eenig periodiek blad op de binnenlandsche overheid critiek zou mogen uitoefenen of zelfs maar over de binnenlandsche gebeurtenissen vrij mocht berichten." ⁽¹⁴³⁾

Hierdie koerantkritiek op buurstate wat kritiek op hul eie binnelandse aangeleenthede in hul eie koerante verbied het, het tot groot ^{er}genis gelei. n Stortvloed klagtes ⁽¹⁴⁴⁾ het oor en weer gevlieg. „Men bombardeerde elkaar met bezaarschriften. Soms gaf de eene regeering de andere genoegdoening door den uitgever van een krant, die zich de ongenade der vreemde overheid op den hals had gehaald, een zware straf op te leggen. Als tegenprestatie kon zij dan in een dergelyk geval rekenen op een soortgelyke geste van de andere regeering, ten koste van een ongelukkigen krantenuitgever."

Vir die gesofistikeerde leser van die twintigste eeu het baie van hierdie klagtes ^{nie} ^{nie} ^{nie} om die lyf gehad nie. Uit n lang lys wat Baschwitz versamel het, ⁽¹⁴⁵⁾ kan enkele miskien aangehaal word. In 1670 het tsaar Alexander by die Nederlandse regering gekla dat n Nederlandse blad hom nog die grootvors van Moskou genoem het, in plaas van Tsaar. In Den Haag het die Engelse gesant gekla omdat in n Nederlandse koerant berig is dat Cromwell met meer praal as n koning begrawe is, terwyl die hoofde van sy leër weens wanbetaling van soldy sou gemuit het.

Maar soms het koerantkritiek tot ernstiger gevolge gelei. In 1679, 1683 en

(142) Ibid.

(143) Ibid, p. 60.

(144) Ibid, p. 63.

(145) Ibid, p. 64, 65.

1686 het Lodewyk XIV die invoer van alle buitelandse koerante verbied.⁽¹⁴⁶⁾ „In de motivering van zijn oorlogsverklaring aan Nederland in 1672 voerde hij ook de aanmatigende houding der Nederlandsche krantenschrijvers teenover hem als argument aan.“⁽¹⁴⁷⁾

Samevatting:

Uit die voorgaande kan n reeks gevolgtrekkings gemaak word oor die motiewe wat kerk en staat tot en met die einde van die agtiende eeu tot inkorting van die persvryheid, soms drasties en soms ligtelik, gelei het:

1. Ter onderdrukking van kattery, kerkskeuring en belediging van die pous en die kerk in die algemeen. Hierdie motief was in alle Westerse lande kenbaar. Waar die kerk nie self opgetree het nie, was dit een of ander owerheidsliggaam. Name wat in hierdie verband in die oog spring, is Ferdinand en Isabella van Spanje, Hendrik VIII van Engeland, die Nederlandse Stategeneraal e.d.m.
2. Sensuur uit vrees vir opkomende vryheidsgedagtes. Hierdie motief was selfs sterk by die Britse parlement en die Nederlandse Stategeneraal kenbaar: die soewereiniteit en onskendbaarheid van die staat is beskerm.
3. Ter beskerming van privilegieë. Hieronder val voorregte van kerk, adel, gekroonde hoofde en ook die ou parlamente.
4. Ter onderdrukking van revolusionêre groepe en neigings.
5. Ter handhawing van die goeie sêde - die Britse seëlwet van 1712 was o.m. gemik teen „licentious.....publications.“
6. Ter handhawing van die internasionale vrede, bedreig deur die publikasie van allerlei kritiese stof oor buitelandse vorste en regerings.
7. As propagandemiddel ter bevordering van die politiek van n leier of land: Cromwell, Walpole, Napoleon onder meer.

(146) Ibid, p. 62.

(147) Ibid.